Tema: Kom leer by Christus hoe om mense na Hom te lei sodat Hy hulle kan red.

Vooraf lofprysing
Lied 488: 1, 2, 3, 4

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps 138-1: 1
Votum
Seën
Lofsang Ps 66-1; 1, 2
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Johannes 4
Teks: Johannes 4: 26
Belydenis: HK Sondag 31, vr 83 en 84
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir BnB (redding van Moslems)
Sing Sb 4-4: 4, 5, 7
Seën
Amenlied Sb 13-3.

Geliefde brs en srs en kinders

Ons het vanmore geleer oor ons taak om vanuit ons huisgesinne ook ‘n getuienis na buite te lewer. Dat ons mense na Christus toe moet wys. Dit verg nie dat ek een of ander kursus in evangelisering hoef te doen nie, ek moet bloot met mense gesels oor hulle geestelike behoeftes en hulle vertel dat Jesus die enigste weg tot verlossing is.

As ‘n mens met gelowiges oor hierdie opdrag praat, is een van die eerste reaksies gewoonlik: ek praat nie met mense nie – ek getuig deur my voorbeeld en my lewenswandel. Dit is goed en reg – die vraag is net : gaan jou ongelowige buurman slegs deur jou voorbeeldige lewe Jesus Christus leer ken en in Hom glo? En die antwoord is: nee. Geloof kom deur die verkondiging van die Woord, my voorbeeld bekragtig net God se optrede in my lewe. Alleen deur vir ander mense op ‘n normale gespreksmanier van Christus te vertel, wys ons vir hulle die weg, kan ons die Koninkryk van God vir hulle oopsluit sodat hulle kan deel aan die genade. As ons nie verkondig nie bly die poort gesluit. Dis die sleutel van koninkryk waarvan die kategismus praat.

Die vraag is nou: Hoe doen ek dit? Hoe praat ek met iemand oor sy/haar geestelike behoeftes? Want mense praat nie maklik oor hulle hartsake nie. Hulle praat maklik oor godsdiens, oor geloof en oor verskillende kerke**, maar nie maklik oor hulle eie geestelike behoeftes nie. Nog minder is hulle bereid om te erken dat hulle eie sonde deel vorm van hierdie geestelike behoeftes.**

En nou kan dit vir ons baie maklik wees om te sê: ja, so is die mense wat ek ken en met wie ek graag oor die Here sou wou praat. Hulle sal eerder met strydvrae oor allerhande geloofskwessies wil stry as om eerlik oor hulle eie hart te praat. Hulle kruip weg agter allerhande verskonings en dit is nie so maklik nie.

Maar weet jy, br. en sr., ek en jy wat die Here ken, maak ook maar so. Hierdie reaksie is nie maar net die reaksie van iemand wat die Here nie ken nie, dit is 'n algemeen menslike reaksie. Dawid het so vir die Here weggekruip, Jona wou nie sy ware gevoelens voor die Here erken nie en het weggekruip.

Die Samaritaanse vrou het vir die mense en vir die Here probeer wegkruip, maar Hy gaan staan reg voor haar en laat haar nie toe om met allerhande godsdienstige twispunte haar eie hart te verbloem nie. Nee, geduldig openbaar Hy Homself in sy genade aan haar tot dat Hy sê: EK, wat hier voor jou staan en met jou praat, Ek is jou Verlosser, jou Saligmaker wat jou geestelike dors sal les.

Dus, die wyse waarop die Here met ons praat en werk, is die wyse waarop ons Hom ander aan gaan voorstel. Sonder **vooroordele, sonder bybedoelings en sonder om in strydvrae** te verval openbaar die Here Hom aan die mens met sy geestelik nood as die Saligmaker wat ons geestelike dors versadig.

As ons dus met iemand wil praat oor sy geestelike lewe en hom of haar deel wil maak van die Koninkryk van God, gaan dit oor niks anders as Jesus Christus, die Verlosser, nie en dat hulle Hom moet leer ken as die Een wat hulle geestelike dors kan les.

Kom ons kyk hoe gaan die Here te werk. Kyk hoe sluit Hy sy Koninkrykspoorte oop.

Die Here het voorlopig klaar in Judea gewerk en as gevolg van 'n vervolgingsaksie deur die Jode wyk hy uit na die noorde. Die Jode het gewoonlik, as hulle na die noorde gereis het, 'n ompad gevolg - oos van die Jordaanrivier - om die gebied van die Samaritane te vermy. Hulle wou nie meng met hierdie volk- en godsdienstige verraaiers nie.

Hierdie vooroordeel kom uit 'n baie ver en ou stuk geskiedenis. Toe die Assiriërs die noordelike ryk in ballingskap weggevoer het, het baie van die noordelike Jode met Assiriërs wat in Israel gevestig het, getrou en vermeng geraak en die Samaritaanse bevolking geword. Die Jode van die suide, die sg. “rasegte” Jode en “ware” gelowiges het hulle dit nooit vergewe nie. Agv hiervan het 'n eeue-oue haat en nyd tussen Jood en Samaritaan ontwikkel.

Die Here Jesus steur hom nie hieraan nie. **Hy is geroep om die verlorenes te red.** Om die wat geestelik dors het, te versadig en die oes van die Vader te versamel. Daarom reis Hy direk noordwaarts, deur die gebied van die Samaritane. Sy roeping en die nood van die wêreld oorskry alle grense en vooroordele.

Br. en srs, is ons ook so roepingsbewus? Sien ons ook die nood van die wêreld raak? Is ons bereid om alle vooroordele oorboord te gooi en mense met die Woord te bedien sodat hulle die Verlosser kan ontmoet? Is ons ook van alle vooroordele ontdaan dat alle gelowiges - wie hulle ook al is - welkom is as lidmate van hierdie Gereformeerde kerk?

Vooroordele wat gebaseer is op **rasse-verskille**, die vooroordele wat gebaseer is op **sogenaamde ergere of onvergeeflike sondes**, dat iemand wat homoseksueel is of iemand wat drankverslaaf is nie gered kan word nie. Baie mense sê: los maar die Jehova-Getuies, die Mormone, die Moslems en diesulkes - jy sal hulle nooit tot geloof in Christus bring nie.

Sondige vooroordele, br en sr, wat ons verhinder om Christus aan al hierdie mense voor te stel. Wat veroorsaak dat ons kerke al hoe kleiner word en al hoe minder ons eintlike taak in hierdie wêreld verrig. Vooroordele waarmee ons die poorte toesluit.

Christus breek daardeur en openbaar Homself aan die Samaritaanse vrou as haar Verlosser. Christus, br en sr, wat ten spyte van **al ons sondes en ongehoorsaamheid na ons toe gekom het, Hom aan ons geopenbaar en aan ons die geloof gegee het sodat ons geestelike dors versadig kon word**. Dat ons Hom mag ken, sy genade en liefde mag ervaar en mag weet dat ons verlos is. Wie is ons dan om vooroordele oor ander te he?

So praat Hy dan met hierdie vrou. **En die gesprek begin sommer by die alledaagse**. Die vraag na water vir 'n man wat dors is, lei heen na die openbaring dat Hy die lewende water is wat haar geestelike dors sal les. So begin 'n geestelike gesprek sommer oor 'n koppie tee, of as 'n mens in 'n motor op reis is, of by die werk tussen al die aktiwiteite deur.

Die Here gee vir ons so **baie geleenthede, ons moet leer om dit raak te sien en te benut. Bv.** die man wat vir kos aan my deur klop. Die buurvrou wie se man haar slaan en by jou troos soek. Die kollega by die werk wat sommer so laat val dat dinge in sy lewe nie reg is nie. **Dit is geleenthede – gryp dit aan**.

Die vrou kom op 'n baie ongewone tyd en eintlik onnodig ver van haar dorp om water te kom haal. Op die oog af lyk hierdie gegewens wat Johannes gee, nie regtig nodig nie.

Maar hierdie ongewone optrede dui op **'n innerlike beweegrede**, soos wat later uit die gesprek sou blyk. Sy het op ongewone tye by die put water kom skep om die mense te vermy want **in die oë van die dorp was sy 'n sondaar**. Sy het vyf huwelike gehad en die man by wie sy nou gebly het, was sy nie mee getroud nie. Hulle was saamblyers.

Nou verstaan 'n mens haar optrede, sy kruip weg vir die mense, maar Jesus **sien haar nood en hy praat met haar.** Br. en sr. wees sensitief vir mense in nood – dit is geleenthede. Moenie bang wees om juis die nood van iemand te gebruik om ‘n geestelike gesprek aan te knoop nie – mense is gewoonlik dan meer bereikbaar!

Uit die gesprek blyk dit duidelik dat sy nie regtig wil praat oor die behoeftes van haar hart nie.
Elke keer as die Here oor haar geloof praat, dan **verander sy die onderwerp**. Sy haal twispunte tussen Jode en Samaritane aan om Hom weg te lei van haar eie nood en behoeftes. Maar die Here laat Hom nie van koers af dwing nie. Sonder om in haar twisvrae verstrik te raak gee Hy haar duidelike antwoorde maar stuur haar om uiteindelik te kom by dit wat saak maak: **haar eie hart**.

En dan is dit nie die bedoeling om haar bloot te stel sodat sy met skaamte moet erken en voor Hom as 'n vreemdeling hart hart leeg te maak nie. Dit gaan nie om ander bedoelings nie, Nee, dit gaan vir Hom **om selfkennis**. **Voordat sy nie haar eie hart ken en haar eie behoeftes erken nie, kan sy Hom nie as Verlosser erken en in Hom glo nie.**

Die Here werk ook so met ons - ons wat ons eie hart probeer wegsteek, wat allerhande verskonings kan uitdink waarom ons nie regtig kan doen wat die Here van ons verwag nie. "Maar Here, u moet verstaan ek het darem rede om verontreg te voel, hulle het darem nie reg teenoor my gemaak nie. So maklik kan ek nie vergewe nie." Of “Here, dis nie my taak om met mense te praat oor die Verlosser nie, ek ken nie die Bybel so goed nie, laat die evangelisasiewerkers of die diensgroep vir Bediening na Buite maar die werk doen."

En geduldig lei die Here ons, al hoe nader aan die waarheid, totdat ons in ons hart moet erken en bely: “ja, Here , ek is skuldig”. Eers as ek die waarheid oor myself en my eie hart ken, dan kan ek die Here sien as my Verlosser en Koning voor wie ek moet buig. Dis ook die eenvoudige pad van die Kategismus: sonde, verlossing, dankbaarheid.

So ook in gesprekke met ander oor die Here**. Nie dwing nie, maar geduldig lei in die waarheid** tot dat hulle die behoeftes van hulle hart verstaan en dan weet dat die Here Jesus daardie behoeftes kan bevredig.

So kom die Samaritaanse vrou ook tot die **erkenning**: “ja, ek weet ek het nood m**aar ek soek na iemand wat my kan help”.** Ek weet êrens, eendag kom die Messias. En dan die openbaring van **vers 26: Vrou, dit is Ek, Ek wat met jou praat. Die Here jou Verlosser,** wat aan die kruis vir al jou sondes betaal, aan jou 'n nuwe lewe gee.

Moenie verder soek nie, glo in My. Moenie verder wegkruip nie, dis nie nodig nie, Ek maak alles nuut. Br. en sr, en kinders, ook vir ons. Vir elkeen van ons wat in Hom glo en weet dat Hy alle skuld wegneem en in jou die lewende water gee nl die Heilige Gees, wat alles in jou verander.

So ook aan elkeen, dit is die Here se belofte, aan wie ons die Blye Boodskap bring. **Hulle wat glo word nuwe mense**. Mense wat self dan ook weer uitborrel van die lewende water.

Br. en sr., direk na hierdie gesprek wys die Here sy dissipels op die oes wat gereed lê om gemaai te word. En dan kom die inwoners van die dorp: hulle stroom na Hom, Hy openbaar Homself aan hulle en hulle glo. Lees vers 42.

As jy jou hart ken, as jy die Here as jou Verlosser ken soos ons Hom ken, dan word jy 'n borrelende fontein waaruit die lewende water stoom na 'n dorstige wêreld rondom ons. Ook rondom ons lê die lande wit:

Besef jou roeping - praat dan met die mense rondom jou – Die Woord is die sleutel in jou hand om die koninkryk van God oop te sluit:
Vertel hulle van Christus,
Vertel sonder vooroordele, sonder twisvrae of bybedoelings.
Lei hulle geduldig om hulle eie nood te sien en te erken
Lei hulle na die genade in Jesus Christus – stel Hom aan hulle voor
Laat Christus se genade in jou eie lewe hulle oortuig van sy krag en waarheid

As jy praat en sy Woord oordra sal Christus hulle red – soos vir die Samaritaanse vrou, soos vir jou en so ook almal wat Hy uitgekies het en na Hom sal roep om deel te word van sy Ryk.

Amen